

VOORSTELLE VIR KERKHERENIGING

DEUR PAUL AVENANT

Vir my is kerkhereniging `n baie ernstige geloof saak. Dit is in die lig dat ek die volgende voorstelle wil maak.

Voordat ek egter my voorstel maak wat `n denkrigting skyf sal vereis wil ek die volgende aanhaal wat Ds. Ozrovech oor God gerigte denke te sê het: "As jy die heerskappy van Christus oor jou lewe aanvaar het, behoort jy nie meer aan jouself nie, maar aan Hom. Dit veronderstel dat jou denke en gedagtes tot sy beskikking is, om gebruik te word soos Hy dit goed dink. Wanneer jy jou denke oopstel vir die leiding van die Heilige Gees, word jy bevry van die beperkinge en vooropgesette idees. Jou eie gevoelens word van sekondêre belang naas die ^onder dat jy 'n kind van die lewende God is. Jy leef inafwagting op die volgende inspirerende gedagte wat jou steeds dieper sal inlei in 'n meer praktiese verhouding met jou hemelse Vader. Voordat Christus jou lewe kan oorneem, moet jy leer om uit te styg bo omstandighede en emosies en in geloof na sy heilige wil soek".

In die eerste plek moet ons, (*"Ons" is almal, al die betrokke kerke*) kerk hereniging op `n geestelike vlak benader.

Die vraag wat elke gemeentelid hom of haarself moet af vra is: Is ek `n Christus gelowige (wedergebore Christen), Ja of nee.

Indien ja is kerkhereniging `n gegewe, dit is nie onderhandelbaar nie, dit is nie ^o besluit van een of ander sinode nie, dit is God se wil en opdrag. (Efes.4
Johanes 17)

Ons moet dit in beginsel en in geloof aanvaar. As ons die punt bereik het dat ons herken dat dit `n God gegewe is dat daar eenheid in die kerk moet wees dan val die verantwoordelikheid op ons om in geloof en gebed die praktiese oorbrugging te doen. Die oorbrugings probleme, en die praktiese reëlings moet ons hanteer as `n eenheid in Christus. Die oorbrugging van die praktiese probleme moet nie die eerste oorweging van eenheid wees nie, dit moet nie die kerk herenig nie, Christus moet.

Ek besef dat dit nie so eenvoudig is nie, maar is oortuig dat as ons bg. met geloof en toegewyde gebed en afhanklikheid van God gaan toepas gaan ons binne die wil van die Here handel.

Ons moet mense se sienings tot `n mate inagneem maar dit mag nooit belangriker wees as die wil van God nie.

Kom ons werk almal saam om deur ons bydrae tot kerkeenheid God se koningkryk te laat kom op die aarde.

~~Hoe~~ Hoe kan ons dit as gemeente doen? Ons moet as gemeente en individue soos nog nooit te vore `n gebed aksie aan die gang sit waar ons om insig, leiding en begeleiding bid om die opdrag van God volgens Sy wil uit te voer. Ons is `n klein gemeente maar deur God se genade kan ons dalk net `n groot verskil maak tot eer van God se Koningkryk.

Kom ons as Murraysburg gemeente pak die opdrag in ware geloof aan!

Mag die Here ons seën.